**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REIS EN TOERISME SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES:**

- AL die vrae moet beantwoord word.
- Waar daar meervoudige keusevrae gevra word, skryf slegs die vraagnommer en die gekose antwoord neer, bv. 3.2.6 D.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die nommers op die vraestel.
- Laat ? lyntjie oop na elke antwoord.
- ? Sakrekenaar mag vir berekeninge gebruik word.

---

AFDELING A

## HERROEPING VAN GELEERDE KENNIS

### VRAAG 1
### ALGEMEEN

1.1 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Indien die antwoord ONWAAR is, maak die stelling reg om dit WAAR te maak.

1.1.1 Die kaartjie wat ? passasier toelaat om aan boorde van ? vliegtuig te gaan, is bekend as ? **vervoerpas**. (2)

1.1.2 Die moegheid wat ? passasier ondervind na afloop van ? lang vlug, word vlugvoosheid (**jet lag**) genoem. (1)

1.1.3 Die Verenigde State van Amerika gebruik die **Euro** as ? geldeenheid. (2)

1.2 Indien ? toeris R18,40 vir ? Big Mac Burger in Italië betaal teen ? heersende wisselkoers van R8,50, wat sal dit kos in die plaaslike geldeenheid? Kies die regte antwoord uit die moontlike antwoorde hieronder.

A. 1,90 Pond
B. 2,16 Euro
C. 3,20 Yen
D. 2,00 $ (2)

**(7)**

## VRAAG 2

2.1 Vul die ontbrekende antwoorde in. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

2.1.1 Die 0º op die tydsonekaart staan ook bekend as die _________ . (1)

2.1.2 Die tyd op Greenwich waarvan alle ander tyd op aarde uitgewerk word, is die _____ . (1)

2.1.3 Die denkbeeldige 180º lyn wat vanaf die Suidpool na die Noordpool strek, staan bekend as die ____________ . (1)

2.2 Verwys na die kaart (Addendum A). Benoem die lande genommer 1 tot 5. Skryf slegs die nommer en die regte antwoord in jou antwoordboek neer, bv. 6 – Mauritius. (5)

**(8)**

## VRAAG 3
## INTERNASIONALE TOERISTEBESTEMMINGS EN EKOTOERISME

3.1 Pas die korrekte ikoon/bestemming in **Kolom A** by die korrekte land in **Kolom B**.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| **IKOON/BESTEMMING** | | **LAND** | |
| 3.1.1 | Big Ben | A. | Frankryk |
| 3.1.2<br>3.1.3 | Sydney Operahuis<br>Tafelberg | B.<br>C. | Indië<br>Verenigde Koninkryk |
| 3.1.4 | Vryheidstandbeeld (Statue of Liberty) | D. | Australië |
| 3.1.5 | Eiffeltoring | E. | V.S.A |
| | | F. | Suid-Afrika |
| | | G. | Brasilië |
| | | H. | Tanzanië |

(5)

3.2 Kies die korrekte beskrywing vir die volgende terme. Skryf slegs die vraagnommer en die letter, bv. 3.2.6 – D neer.

3.2.1 Volhoubaar

A. Spaarsamig gebruik
B. Daagliks gebruik
C. Gereeld gebruik
D. Gebruik vir genot (1)

3.2.2 Besoedel

A. Om iets te vertroetel en te versorg
B. Om vuil en onsuiwer te maak
C. Om iets te gebruik en te geniet
D. Om aan te plant en te bewaar (1)

3.2.3 Bedreigd (endangered)

A. Wild wat volop is
B. Spesies het reeds uitgesterf
C. Slegs ? paar het oorleef en het beskerming nodig
D. Alle gevaarlike diere (1)

3.2.4 Uitgesterf (extinct)

A. Leef en bly aanteel
B. Leef in Natuurreservate
C. Kom slegs in damme voor
D. Leef nie meer nie (1)

3.2.5 Uitbuiting

A. Misbruik en vernietig
B. Gebruik op die regte manier
C. Gebruik spaarsamig
D. Gebruik volgens instruksies (1)

3.3 3.3.1 Waarna verwys die letters **CV**? (1)

3.3.2 Noem TWEE werksgeleenthede op ? vliegtuig. (2)

3.3.3 Noem TWEE werksgeleenthede in ? restaurant. (2)
**(15)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B
**TOEPASSING VAN VAARDIGHEDE**

## VRAAG 4
## REISBEGROTINGS EN BASIESE REISPLANNE

4.1 Teken die onderstaande reisplan in jou antwoordboek oor. Gebruik die reisplan van Namibië (Addendum B) en voltooi die reisplan vir dag 4 en 5.

| Dag | Oggend-aktiwiteit | Middag-aktiwiteit | Aand-aktiwiteit | Akkommodasie |
|---|---|---|---|---|
| 4 | | | | |
| 5 | | | | |

(7)

4.2 Aan die einde van hulle besoek aan Namibië wil die paar graag ? motor vir drie dae huur van Hertz Motorhuur (Addendum D) om Windhoek op hulle eie te verken. Hulle wil graag ? groep J-motor huur en sal ongeveer 200 km per dag reis. Hulle wil superversekeringsdekking hê met PAI. Bereken die huurkoste vir die paartjie. Ignoreer alle ander fooie. (5)

4.3 Bestudeer die reiskoste (Addendum C) en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord. Teken die onderstaande tabel in jou antwoordboek oor en gebruik dit om ? reisbegroting vir die twee toeriste op te stel. Toon alle berekeninge.

| **Koste vir twee toeriste** | |
|---|---|
| Basiese koste vir twee toeriste Akkommodasie | |
| Retoervlugkaartjies | |
| Totaal | |

(4)

4.4 Wat is die totale koste vir ? individuele toeris op hierdie toer? (2)

**(18)**

## VRAAG 5
## TYDROOSTERS EN TOERISTE-KAARTE

5.1 Bestudeer die kaart (Addendum E) en beantwoord die volgende vrae:

5.1.1 Noem die nasionale roete aan die noordoostelike kant van die kaart wat ? toeris vanaf Port Elizabeth na Bisho kan neem. (1)

5.1.2 Watter provinsie word deur die stede op die kaart verteenwoordig? (1)

5.1.3 Noem twee Nasionale parke geleë naby die N10. (2)

5.1.4 Noem die lughawe wat op die kaart aangedui word, wat naby die hoofstad van die provinsie geleë is. (1)

5.1.5 Watter metropolitaanse gebied wat op die kaart voorkom, is na mnr Nelson Mandela vernoem? (1)

5.1.6 Noem die plekke op die kaart wat wêreldbekend vir reksprong en branderplankry is. (2)

5.1.7 In watter stad in hierdie provinsie word daar jaarliks ? nasionale kunstefees gehou? (1)

5.2 Bestudeer die Translux-tydrooster (Addendum F) en beantwoord die volgende vrae:

5.2.1 Noem die DRIE lande wat deur hierdie busroete verbind word. (3)

5.2.2 Op watter dae is hierdie bus nie beskikbaar nie? (2)

5.2.3 Watter ander twee geldeenhede, behalwe die rand, het ? passasier wat op die bus reis, nodig? (2)

5.2.4 Gee die diensnommer vir die noordelike roete. (1)

**(17)**

## VRAAG 6
## EKOTOERISME

6.1 Lees die onderstaande leesstuk van SAN-Parke webtuiste sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

> Waar die rooi duine en struike in die niet verdwyn en troppe gemsbokke, springbokke, elande en blouwildebeeste die seisoene volg en imposante kameeldoringbome skaduwee gee aan groot swartmaanhaarleeus en uitkykpunte bied vir luiperds en baie ander roofdiere.... is die **Kgalagadi Oorgrenspark**. Die Kalahari Gemsbok Nasionale Park was in1931 geproklameer hoofsaaklik om migrerende wild, veral die gemsbok, te beskerm. Saam met die aangrensende Gemsbok Nasionale Park, bestaan hierdie park uit meer as 3,6 miljoen hektaar, een van die baie min natuurbewaringsgebiede van hierdie grootte in die wêreld. Rooi sandduine met min plantegroei en droë rivierbeddings van die Nossob en Auob huisves boksoorte en roofdiere en voorsien uitstekende geleenthede vir fotografie. Kgalagadi is ? paradys vir voëlkykers, veral diegene wat in roofvoëls geïnteresseerd is.
>
> **Aangepas vanaf *www.parks-sa.co.za***

6.1.1 Verduidelik in jou eie woorde die term **Oorgrenspark**. (4)

6.1.2 Watter lande is betrokke by die Kgalagadi Oorgrenspark? (2)

6.1.3 Noem TWEE ander oorgrensparke in Suid-Afrika asook die ander lande waarin dit voorkom. (4)

6.2 Verduidelik die term **roofvoëls**. (2)

6.3 Gee EEN biologiese woord om die volgende terme in die leesstuk te beskryf:

6.3.1 **...min plantegroei en droë rivierbeddings** (1)

6.3.2 ...**blouwildebeeste volg die seisoene** (1)

6.4 Bespreek enige EEN van die **ander** oorgrensparke in Suid-Afrika puntsgewys. Gee aandag aan unieke kenmerke, lande betrokke en die parke wat dit insluit. (9)

**(23)**

**VRAAG 7**
**UITNEMENDE DIENS**

Lees die onderstaande uittreksel, geneem uit *Responsible Tourism Guide* en beantwoord die volgende vrae:

| **Imvelo-toekennings** | **Mpumalanga provinsie** | **Wenner Beste Waterbewaringsprogram** |
|---|---|---|

**Sabi-Sabi**

Sabi-Sabi, wat grens aan die Kruger Nasionale Park, was die eerste private wildtuin wat ? natuurlike vleiland afvalwater bestuursisteem ingestel het.
Elk van die drie gastehuise/wooneenhede in die reservaat het sy eie vleilandsisteem vir die behandeling van afvalwater.
Sabi-Sabi het reeds 20 jaar gelede begin om sy soliede afval te skei en te herwin en het dit in vennootskap met ? klein maatskappy – *Green's Waste Nelspruit* – uit die reservaat verwyder. Hierdie inisiatief het gegroei tot ? gemeenskapsontwikkelingsprojek wat ? herwinningsdepot is vir glas, blikke en papier vir al die gastehuise/woonhede in die Sabi-Sands gebied.
Ander soliede afval word in ? klein verbrandingsoond verbrand, terwyl plastiek aan die verskaffer terug gestuur word en die nat afval vir kompos gebruik word. Voedselafval vanuit die kombuis word na die plaaslike varkboerdery gestuur.
Die fokus van die Sabi-Sabi gemeenskapsontwikkelingspogings is gerig op die 150 personeellede – wat elkeen tot soveel as 10 afhanklikes onderhou. Sabi-Sabi se personeelontwikkelingsprogram sluit in: volwasse geletterdheid, bedrewenheid in Engels, besigheidsoriëntering en MIV/Vigsbewusmaking.
Sabi-Sabi ondersteun ook ? aantal plaaslike gemeenskapsontwikkelingsinisiatiewe, insluitend die *Lillydale Omgewingsopvoedingsentrum*. Dié sentrum bied ? aantal kursusse aan, insluitend omgewingsopvoeding, reis en toerisme en bemark die plaaslike Shangaan-kultuur.
Sabi-Sabi is betrokke by die intensiewe rehabilitasie van die grondgebied onder sy bestuur. Dit sluit in die verwydering van indringerplantegroei, en werk om gronderosie te voorkom. Die reservaat het bedreigde spesies soos die *Kroonarend* hervestig en werk aan ? gesamentlike program met die *Roofvoëlbewaringsgroep*.
Sabi-Sabi se filosofie word aangevuur deur die wete dat ? wildstoevlugsoord alleenlik ekonomiese en sosiale druk sal kan oorleef deur werkskepping, verkryging van buitelandse valuta, belastingbetaling en deur die bevordering van volhoubare toerisme.

7.1 Gee die volledige naam van die toekenning waarmee Sabi-Sabi bekroon is, asook die rede waarom hulle dit verwerf het. (2)

7.2 Alles in Sabi-Sabi wentel om bewaring. Noem enige TWEE stappe wat hulle volg ten opsigte van die hantering van afval. (2)

7.3 Die plaaslike gemeenskap word bevoordeel deur die reservaat. Verwys na die teks en gee ? rede vir die stelling. (1)

7.4 Kan die persoonlike ontwikkelingsprogram lewens red? Verduidelik jou antwoord. (2)

7.5 Sabi-Sabi is betrokke by die uitgebreide rehabilitasie van die land onder sy beheer. Bespreek hierdie stellings kortliks. (4)
**(11)**

## VRAAG 8
## WISSELKOERSOMSKAKELING EN TEGNOLOGIE

Gebruik die onderstaande tabel om die volgende vrae te beantwoord. Toon alle berekeninge. Antwoorde moet korrek afgerond word tot twee desimale plekke. Dui alle wisselkoerse aan.

| Geldeenheid | Waarde in Suid-Afrikaanse Rand |
|---|---|
| Euro | R 7,19 |
| Britse Pond | R11,10 |
| Amerikaanse Dollar | R 5,93 |

8.1 Lindi het R10 000 gewen en wil graag op ? oorsese reis gaan. Sy wil graag New York, London of Duitsland besoek. Sy wil graag weet hoe die huidige wisselkoerse hierbo die waarde van haar geld sal beïnvloed.

8.1.1 Gebruik die wisselkoerse in die tabel en bereken die waarde van haar R10 000 in **elk** van die geldeenhede. (6)

8.1.2 Volgens jou berekeninge in Vraag 8.1.1, in watter land sal sy die meeste **koopkrag** hê? (1)

8.2 Beantwoord die volgende vrae:

8.2.1 Waarna verwys ? **GVS** (GDS)? (1)

8.2.2 Noem TWEE tipes besprekings wat deur middel van ? GVS gemaak kan word. (2)

8.2.3 Noem enige TWEE voorbeelde van ? GVS wat in Suid-Afrika gebruik word. (2)

8.2.4 Waarna verwys die afkorting **SBS**? (1)
**(13)**

## VRAAG 9
## TYDSONES

Bestudeer die tydsonekaart (Addendum G) en beantwoord die volgende vrae. Toon al jou berekeninge. Dui in jou antwoord aan of dit **dieselfde**, die **volgende** of die **vorige dag** is.

9.1 Dit is nou 16:00 in Los Angeles, hoe laat sal dit in Durban wees? (2)

9.2 Die Australiese krieketspan besoek Suid-Afrika vir ? toetsreeks. Die eerste wedstryd sal in Kaapstad op 3 Desember 2006 om 08:00 gespeel word.

9.2.1 Die wedstryd gaan regstreeks uit Suid-Afrika op televisie vertoon word. Op watter dag (datum) en hoe laat sal die toeskouers in Perth die wedstryd kan sien? (3)

9.2.2 Een van die Australiese spelers se eggenote wat in Sydney woon, wil graag 07:00 Suid-Afrikaanse tyd, haar man bel. Hoe laat sal sy van Sydney af moet skakel om met hom te praat? (3)

9.2.3 Hoe laat sal krieketentoesiaste in Rio de Janeiro die wedstryd regstreeks op televisie kan kyk? (2)

9.3 Die vliegtyd tussen Johannesburg en Sydney is 13 uur en 30 minute. Vlug SA206 land om 12:30 plaaslike tyd in Sydney. Hoe laat het dit uit Johannesburg vertrek? (3)

**(13)**

## VRAAG 10
## GRAFIEKE EN STATISTIEKE

Bestudeer die uittreksel geneem uit die *Tourism Update* van Januarie 2005 en beantwoord die vrae wat volg.

**IS SUID-AFRIKA KOMPETEREND?**

| | **Australië** | **Kenia** | **Suid-Afrika** |
|---|---|---|---|
| Pryskompeterendheid | 32,03 | 58,51 | 88,32 |
| Menslike toerisme | 30,93 | n.v.t. | 39,83 |
| Infrastruktuur | 71,70 | 36,77 | 51,86 |
| Omgewing | 66,24 | 76,42 | 50,70 |
| Tegnologie | 97,27 | 25,42 | 52,86 |
| Menslike hulpbronne | 100,00 | 33,65 | 50,70 |
| Oopheid | 36,60 | 25,63 | 72,45 |
| Sosiale ontwikkeling | 82,42 | 25,47 | 35,62 |

Die waarde van elke indeks wissel van 0 (laagste) tot 100 (hoogste) om die prestasievlak van elke land in vergelyking met ander lande aan te dui. ? Indekswaarde van 0 verteenwoordig die laagste prestasie terwyl 100 die hoogste prestasie aandui.

Oopheid vir toerisme, wat visavereistes, handel en belasting insluit, het Suid-Afrika 34ste geplaas. In menslike toerisme, wat die prestasie van menslike ontwikkeling in terme van toerisme-aktiwiteite meet, het Suid-Afrika **40** behaal. Vir sy sosiale ontwikkeling, is Suid-Afrika 126ste geplaas wat dit een van die laagste plekke in die kategorie maak. Data wat gebruik is, kom uit koerante, van rekenaars, televisie en totale aantal misdaad wat gerapporteer is.

10.1 In watter afdeling het Suid-Afrika die hoogste punte behaal? Noem die afdeling en verskaf DRIE redes waarom dit die geval was. (4)

10.2 10.2.1 Hoe vergelyk Suid-Afrika met die ander lande ten opsigte van menslike toerisme? Verduidelik. (2)

10.2.2 Wat meet **menslike toerisme**? (1)

10.3 Hoekom dink jy het Suid-Afrika so swak in hierdie afdeling gevaar? (2)
**(9)**

## VRAAG 11

? Suid-Afrikaanse toeris beplan ? reis na verskeie Europese lande. Hy wil graag sekere van die bekende internasionale bestemmings in **Europa** besoek. Skryf ? opstel waarin jy al die bestemmings (wat jy bestudeer het) wat hy gedurende sy reis kan besoek, sal bespreek.`


Punte sal toegeken word vir die volgende:

- Korrekte uiteensetting en uitleg van jou opstel
- Feitlike inhoud (noem minstens VIER feite per bestemming). (16)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**

**TOTAAL: 150**

## ADDENDUM A



## ADDENDUM B
## VLIEG NAMIBIË

### Hoogtepunte van Namibië

**DAG 1: Vertrek na Visrivier-canyon**

Die eerste deel van die rit neem jou vanaf Windhoek oor die manjifieke bergreeks na die verre suide van Namibië. Geniet die Hardap-dam, die Kalahari-woestyn, die uitgesterfde Brukkaros-Vulkaan en die uitgestrekte misterieuse vlaktes van die suide vanuit ? voëlperspektief. Ons bestemming is die manjifieke rotsbestrooide vlaktes en heuwels oos van die Visrivier-canyon, die tweede grootste van sy soort in die wêreld. **Canyon Lodge**

**DAG 2: Visrivier-canyon**

? Asemrowende vlug neem ons na die diep en kronkelende skeure van die Visrivier-canyon, oor die fassinerende landskappe van die pro-Namib tot in Sesriem, die ingang tot die suidelike deel van die Namib-woestyn en sy manjifieke duinegordels. **Sossusvlei Lodge**

**DAG 3: Sossusvlei**

Besoek Sossusvlei, ? kleipan omring deur van die hoogste sandduine ter wêreld. Besigtig die fauna en flora van hierdie omgewing. Tyd word spandeer om die indrukwekkende sandsteen-konglomeraatskeure van die Sesriem-canyon te besigtig, wat deur die Tsauchad-rivier gevorm word. ? Vlug op ? lae hoogte neem ons na die Atlantiese Oseaan, oor die duinwoestyn na Swakopmund-lughawe, gevolg deur ? kort rit na u hotel. **Hansa Hotel**

**DAG 4: Walvisbaai**

Vertrek na Walvisbaai waar u op ? halfdag bootrit geneem sal word. Dit gee ons ? kykie na Namibië se enigste diepseehawe, en die geleentheid om akwatiese voëls en Kaapse pelsrobbe asook bottelneusdolfyne en "heavy-side"-dolfyne van nader te beskou, ? spesie wat inheems is aan die kus van Wes-Afrika. Namibiese oesters, gereken onder die bestes ter wêreld, kanapees en koue Suid-Afrikaanse vonkelwyn en koeldrank word aan boord bedien gedurende hierdie ontspannende rit. Laatmiddag vertrek ons op ? spesiale vlug van 1 uur wat ons noordwaarts neem langs die Skedelkus, ons vlieg oor die robkolonie na Cape Cross, skeepswrakke, die Messum-krater en die rivierbeddings van Namibië se kortstondige waterweë. **Twyfelfontein Lodge**

**DAG 5: Twyfelfontein**

Die walle van Twyfelfontein is met rotse bestrooi. Besoek Twyfelfontein in die oggend. Hierdie gebied is oortrek met duisende tekeninge en oeroue uitgrawings, in werklikheid ? opelug-museum. Geologiese kenmerke van die area sluit in die Orrelpype, hoekige kolomme van doloriet wat alles deel vorm van Namibië se ryk natuurerfenis. Na ete reis ons verder oor die noordelike binneland na Mokuti, geleë aan die oostelike hek van die Etosha Nasionale Park. Geniet aandete by die Lodge, terwyl ons luister na inheemse volksverhale oor die gebied. **Mokuti Lodge**

**DAG 6: Etosha Nasionale Park**

Die wild en voëls wat hier voorkom, is tipies van die savannavlaktes van suidelike Afrika, maar sluit verskeie inheemse spesies in van die westekant van die kontinent, aangrensend aan die Namib-woestyn. Van die skaarser spesies soos die swart- en witrenosters (onlangs hervestig) word gereeld gesien. Die Swartgesig Impala word slegs in Namibië en Suid-Angola aangetref en die Damara Dik-Dik, die park se kleinste bokkies, is ook eie aan die gebied. Honderde voëlspesies is al opgeteken, met baie migrante gedurende die somerperiode. Neem deel aan begeleide wildsritte in die oggend en middag deur die Etosha Nasionale Park. **Mokuti Lodge**

**DAG 7: Keer terug na Windhoek**

Na ? heerlike luilekker ontbyt, stap ons aan boord van die vliegtuig vir die finale terugvlug na Windhoek.

**ADDENDUM C**

| **Koste vir vier toeriste** | |
|---|---|
| Basiese toerkoste vir 4 toeriste<br>Akkommodasie<br>Retoervlugte | R22 200<br>R25 200<br>R14 000 |

## ADDENDUM D

# Hertz

**Reservation and Information Centre**
**0861 600 136**

# GSA Special Rates

Valid from 31 July 2003

| Group | Acriss Code | Model | Air bag | Air Conditioning | Power Steering | Automatic | Radio/Tape | Daily incl. CDW,TP & 200KM 1-6 Days Per Day | Daily incl. SCDW,STP & 200KM 1-6 Days Per Day | Daily incl. CDW, TP & 200km 7-13 Days Per Day | Daily incl. SCDW, STP & 200km 7-13 Days Per Day | Daily incl. CDW, TP & 200km 14-30 Days Per Day | Daily incl. SCDW, STP & 200KM 14-30 Days Per Day | Daily incl. CDW TP & 200KM 31 + Days Per Day | Daily incl., SCDW,STP & 200KM 31 + Days Per Day | Weekend Saver incl. CDW, TP & 200KM Per Day | KM rate Per KM | Responsibility *Where CDW/TP is accepted |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Q | ECMN | OPEL CORSA 140i LITE or similar | | | | | | R230 | R322 | R219 | R309 | R210 | R299 | R203 | R293 | R154 | R1.35 | R4100 |
| A | CDMN | TOYOTA TAZZ 130 or similar | | | | | X | R241 | R336 | R229 | R322 | R219 | R312 | R212 | R306 | R162 | R1.52 | R4200 |
| T | CCMR | FIAT SIENA or similar | | X | X | | X | R257 | R352 | R245 | R338 | R235 | R328 | R228 | R322 | R175 | R1.60 | R4200 |
| B | CDMR | VW POLO CLASSIC 1.6 or similar | | X | X | | X | R336 | R431 | R320 | R414 | R306 | R401 | R296 | R392 | R228 | R1.66 | R7000 |
| U | IDMR | FORD FOCUS 1.6 or similar | X | X | X | | X | R449 | R571 | R426 | R548 | R408 | R531 | R395 | R520 | R306 | R3.35 | R9000 |
| C | CDAR | NISSAN ALMERA 1.6 or similar | | X | X | X | X | R452 | R574 | R429 | R551 | R411 | R534 | R398 | R523 | R335 | R3.29 | R7000 |
| D | SDAR | TOYOTA CAMRY 200/220 or similar | | X | X | X | X | R692 | R761 | R658 | R731 | R630 | R708 | R609 | R693 | R427 | R3.78 | R10500 |
| F | SCAR | BMW 318i or similar ♿ | X | X | X | X | X | R727 | R792 | R690 | R760 | R661 | R737 | R640 | R721 | R433 | R4.07 | R11500 |
| H | PDAR | MERCEDES BENZ C180 | X | X | X | X | X | R853 | R951 | R811 | R913 | R776 | R885 | R751 | R866 | R445 | R4.55 | R13900 |
| J | FVMR | TOYOTA CONDOR | | X | X | | X | R547 | R690 | R519 | R662 | R497 | R641 | R481 | R627 | R312 | R2.99 | R8800 |
| N | PVMR | MERCEDES VITO or similar | | X | X | | X | R1137 | R1425 | R1081 | R1368 | R1035 | R1326 | R1001 | R1297 | R835 | R6.44 | R17500 |
| M | FFMR | NISSAN 2400i 4X4 D/CAB or similar | | X | X | | X | R945 | R1185 | R898 | R1138 | R860 | R1102 | R832 | R1078 | R781 | R5.34 | R12500 |
| R | SPMN | MITSUBISHI COLT 2.0 STD LWB or similar | | | | | | R336 | R431 | R320 | R414 | R306 | R401 | R296 | R392 | R420 | R1.66 | R11000 |

• All vehicles rented subject to Hertz Terms & Conditions of the Rental Agreement • All vehicle models are subject to availability • Rates are quoted in SA Rand (ZAR)
• Hertz reserves the right to replace vehicle models with similar specifications

**RATES INCLUDE:** Value Added Tax @ 14% - rate will change according to Government legislation without prior notice / Collision Damage Waiver or Super Collision Damage Waiver / Theft Protection or Super Theft Protection / 200km's per day / Airport Surcharge @ 9% of time and kilometres - no surcharge applicable at Rand Airport / Tourism Levy @ 1% of time and kilometres.

**RATES EXCLUDE:** Contract Fee - R20 per rental / Fuel / One-way drop off fees-drop off location exceeds 150km's-R300; From PE to Cape Town-R500; From JNB to DBN/CPT/Mpumalanga-R500; Between DBN and Richards Bay-R150; Between Sou [cut off] and Namibia R3000/ Over- border charge of R1000 if vehicles are driven into any neighbouring country/ Additional Driver-R100 per driver per rental / Delivery & collection-R100 within a 25km radius of Hertz location, thereaft [cut off] per km during office hours 08h00-17h00 weekdays; R200 after hours, public holidays, weekends, after 17h00 and before 08h00 weekdays / Canopies @ R35 per day 1-6 days, R32 per day for 7 days or more / Baby seats @ R [cut off] seat per rental / Claim admin fee of R350 will be charged in the event of an accident and/or theft of vehicle / Fine Handling Fee-R150 / Please note charges are subject to change without prior notice / Personal Accident Insurance @ R25.00 per day.

**Booking Information**

**Booking couldn't be simpler! Using GDS**
Galileo: CADZE/GALIL
Worldspan: G/CAR/ZEZ
Amadeus: GCARZE
http://www.hertz.co.za
http://www.hertz.com
www.locations.hertz.com
E-mail: res@hertz.co.za


*PARTNERSHIPS:*
South African Voyager
EXECUTIVE CLUB BRITISH AIRWAYS
PRIORITY CLUB REWARDS

**ONE NUMBER ONLY - FOR THE WORLD'S # 1 !**

***Reservation and Information Centre***

**0861 600 136**


## ADDENDUM E


WILD COAST
AMATOLA
DRAKENSBERG REGION
FRONTIER COUNTRY
SUNSHINE COAST
KAROO HEARTLAND
KOUGA REGION
Umtata
East London
Bisho
Aliwal North
Cradock
Graaff-Reinet
Somerset East
Port Elizabeth
Port Alfred
Grahamstown
Jeffreys Bay
Cape St Francis

## ADDENDUM F

| 1720 JNB – BEITBRIDGE – HARARE – LUSAKA<br>1721 LUSAKA – HARARE – BEITBRIDGE - JNB | | |
|---|---|---|
| SUN / TUE / WED / THUR / SAT | | |
| | **1720** | **1721** |
| **Johannesburg (Park City, JHB Station)** | 0800 | 1230 |
| **Pretoria (Station)** | 0845 | 1000 |
| **Polokwane (Shell Ultra City)** | 1210 | 0700 |
| **Musina (Shell Garage)** | 1430 | 0415 |
| **Beitbridge (Beitbridge Hotel)** | 1700 | 0300 |
| **Masvingo (Shell Filling Station)** | 2100 | 2315 |
| **Harare (Roadport)** | 0100 | 2000 |
| **Chirundu (Zim/Zam Customs)** | 0545 | 1500 |
| **Lusaka (Farmers House, Cairo St)** | 1100 | 1200 |
| The same pax may not be picked up and set down at points between Chirundu and Beitbridge.<br>Passport required. Fares quoted in South African rand. | | |

**ADDENDUM G**




**EINDE**